

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 22 Mei 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.

²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

SKRIFLESING:

Teks: Sagaria 9:1-10

Tema: Die Prins van oorlog vestig sy ryk van vrede!

Sagaria 1-8:

Op die nag van 24 Februarie 519 vC ontvang Sagaria agt nagvisioene waar die Here die padkaart van die toekoms van die Jode uiteensit:

- Jerusalem en die tempel gaan weer uit die ruïnes opgebou word.
- God gaan die volkere, wat nou so rustig woon, straf.
- Jesua en Serubbabel is die olyfboom wat die olie aan die brandende kandelaar verskaf.
- God gee die versekering dat Hy op één dag boosheid gaan uitwis en
- In die laaste visioen verklaar Hy oorlog teen die land van die noorde.
- Die visioene begin met die versekering dat God harstogtelik oor hulle begaan is en eindig met Sy woede wat afkoel en Sy gees wat tot rus kom: “mission accomplished!”



Sagaria 9-14:

Hierdie gedeelte is later geskryf en daar is 'n totale ander klem wat hoofsaaklik op die toekoms fokus:

- Die visioene begin met die woorde, “'n swaar las van die Here is my opgelê”.
- Hierdie is donker visioene en handel oor die toekomstige Messias en Sy vredesryk.
- Om sy ryk van vrede te kan vestig moet Hy wêreldryke verower.
- Hy herbevestig sy trou teenoor Sy volk en
- Verder word daar gepraat van die “groot dag wat gaan aanbreek” wat die einde van die huidige era gaan wees en wat die nuwe era, die Messias en sy vredesryk, gaan inlei.

Die Here sien alle mense:

Sagaria 9-11 begin met die woorde, “Die woord van die Here is ook in Gadrak, en Hy het ook in Damaskus sy woonplek”. **Die Here sien alle mense, nie net al die stamme van Israel nie**, Hy sien ook vir Hamat, wat aan Damaskus grens,

1. DIE KOMENDE MESSIAS: OORLOGSVORS (9:2-8)

• **Tirus en Sidon. (9:2b-4)**

- Hierdie twee stede het vir hulle wysheid, silwer en goud bekend gestaan.
- Nou gaan die Here alles vat wat die stad het, Hy gaan die mag breek wat die stad op see (vloot) het, en die stad self sal afgebrand word.

• **Filistynse stede. (9:5-7)**

- Die Here verklaar oorlog teen die Filistynse stede, Askelon, Gasa, Ekron en Asdod.
- Hierdie stede gaan met vrees vervul word en hulle gaan baie bang wees.
- Alles waarop hulle vertrou het, sal daarmee heen wees.
- Hierdie stede sal sonder inwoners en konings gelaat word,

“So sal Ek die trots van die Filistyne breek, sê die Here”.

• **God beskerm Sy huis. (9:8)**

Ek sal my huis beskerm teen enige leër wat daar verbykom, sê die Here, geen onderdrukkers sal hulle meer oorval nie. Ek sorg nou self vir hulle.



2. DIE KOMENDE MESSIAS:VREDEVORS. (9:9-11)

2.1 Voorspelling

- **Genesis 49:10- 12: JUDA**

- Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.
- Hy maak sy rydier vas aan 'n wingerdstok, sy donkie aan die beste wingerdstok.
- Sy klere is so rooi soos wyn, sy koningskleed so rooi soos druiwesap. Sy oë is donkerder as wyn, sy tande witter as melk.

- **Sagaria 9:9a**

Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom.

2.2 Vervulling: 33 nC (Golgota en hemelvaart)

- **Johannes 12:12-16**

Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep:

“Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Die Koning van Israel!”

Jesus het toe op 'n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan:

“Moenie bang wees nie, dogter van Sion!
Kyk, jou Koning kom, en Hy ry op 'n donkie.”

- **Insig van volgelinge (Johannes 12:16,19)**

Jesus se dissipels het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar **nadat Hy verheerlik** is, het hulle daaraan gedink dat wat daar geskrywe staan, op Hom betrekking gehad het en dat dit met Hom gebeur het,

“Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê: “Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld gaan agter hom aan!”



2.3 Die Prins van vrede (9:9b)

- (1) Hy is regverdig en
- (2) Hy is 'n oorwinnaar,
- (3) Hy is nederig en
- (4) Hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.

2.4 Die vredesryk (9:10)

- *Die ryk van vrede.*

Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word.

- *'n Universeële Ryk: 'n nuwe VN.*

Die koning sal vrede vir die nasies afkondig en hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.

SEËNBEDE:

Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

AMEN!

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer





Wonderliggie Mark

BIED AAN

Demi-Lee Moore

26 Augustus 2022

18:00 vir 19:00

NG Kerk Wonderpark

Buitelug Arena

R100 p/persoon

Kinders 0-6 gratis

Vir kaartjie aankope of meer inligting

012-549 1340

071-915 5136

Wondertiggie Skaapbraai Kuieraand

Buitelugvertoning met Kunstenaar

Gary Forwood

Saterdag 27 Augustus 2022 • 18H00

Wonderpark Buitelug Arena

R100 per persoon

Kaartjie sluit Skaapbraaivleis,
Slaai en Brood in

Eie drinkgoed welkom

Vir kaartjie aankope of meer inligting


Kerkkantoor 012 549 1340

Martie 061 582 4730

Charmaine 071 915 5136

Veilige parkering: NG Wonderpark

Berglaan 1849, Amandasig Akasia



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

